

NED GEREF KERK
RING VAN SUIDOOS-PRETORIA



KURSUS IN SPIRITUELE BEGELEIDING (15 MAANDE)

DOEL

Die HERE gebruik ons spirituele dissiplines (geloofsgewoontes) om ons te leer om nader aan Hom te leef. Spirituele begeleiding is een van die waardevolste geloofsgewoontes, onder andere omdat dit so realisties is. Oral in die kerk vind gelowiges dat dit vir hulle heiliging baie help om 'n begeleier te hê wat hulle gereeld besoek. Dis 'n persoon met wie jy alles kan praat wat jy wil, wat getuie is van jou lewe en jou pad met die Here, teenoor wie jy "accountable" voel, wat jou help om duideliker te sien waarmee die Here in jou lewe besig is.

Maar daar is 'n groot tekort aan spirituele begeleiers in ons land. Die wyse waarop die werk gedoen behoort te word, is 'n kuns wat wêreldwyd in die kerk ontwikkel het en wat aangeleer en ingeef moet word. Dit oorvleuel in 'n mate met pastoraat en sielkundige terapie, maar dit het 'n unieke karakter.

Die doel van hierdie kursus is tweeledig:

- Deelnemers se persoonlike en spirituele ontwikkeling word diepgaande aangespreek.
- Hulle leer die kuns van spirituele begeleiding aan deur die teorie deeglik in te oefen.

Die benadering is psigo-spiritueel.

Die kursus val sedert sy begin in 2006 onder die Sentrum vir Spiritualiteit van die Ring van Suidoos-Pretoria van die NG Kerk, maar skakel ook in by Excelsus, die Sentrum vir Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) by die Universiteit van Pretoria. Predikante kan 150 VBO-punte verdien.

Ons betrek nie net predikante en lidmate van die NG Kerk by die kursus nie. Die boeke wat ons voorskryf kom ook uit verskeie dele van die Christendom, ook uit die Rooms-Katolieke wêreld. Die spiritualiteit waaraan ons jou blootstel, neem jou op pad en is wyer as die tradisionele spiritualiteit van die Afrikaanse Susterkerke.

Bywoners is welkom om Engels te praat in die kursus, solank hulle net die Afrikaans wat meestal gepraat gaan word, kan verstaan.

Ons verkies deelnemers wat ouer as 34 jaar is.

Ons is besig om al die spirituele begeleiers wat opgelei is en beskikbaar vir begeleiding op ons webtuiste bekend te maak. Kyk gerus by www.sentrumvirspiritualiteit.co.za.

AANBIEDERS

Suster Mary Fisher, Franciskaanse non wat 2013 terug is na die VSA, het hierdie benadering vier keer in 'n tweejaarkursus aangebied. Al die aanbieders het by haar geleer en Willem Nicol was vir

haar laaste drie kursusse haar mede-aanbieder. Daar is reeds altesaam 139 begeleiers in hierdie kursusse opgelei. Die kursus loop van 2006 af.

Kursusleier: dr **Willem Nicol**, vryskut-predikant van die NG Kerk verbonde aan Stellastraatgemeente. Willem was 33 jaar 'n studenteleraar van die NG Kerk in Pretoria. Hy het twee doktorsgrade, een in Nuwe Testament en die ander in Sistematiese Teologie. (Navrae kan gedoen word by wnicol@mweb.co.za). Sy ervaring met die ontwikkeling van diep spirituele groei word oorgedra deur verskeie boeke, retreats en kursusse.

Ds **Stefan Botha** van die NG Kerk Andrew Murray, Pretoria. Hy is predikant van die NG Kerk sedert 2001. Hy het 'n M-graad in kliniese pastoraat, baie ervaring van spreekkamerwerk, en funksioneer sedert 2007 ook as spirituele begeleier.

Suzette Fischer, lidmaat van die NG Kerk Stellastraat, Pretoria en gekwalifiseerde Enneagram-spesialis met baie ervaring in die aanbieding van die Enneagram aan Afrikaners. Sy is ook al vir etlike jare 'n spirituele begeleier.

Nicolin Hoffmann: met 'n M-graad in Kreatiwiteit lê haar passie daarin om ander te help ontdek hoe alledaagse kreatiwiteit tot die verryking van die spirituele lewe kan lei. Sy is 'n ervare aanbieder van geestelike Retreats, en tree sedert 2009 as spirituele begeleier op.

Joke Nicol, lidmaat van die NG Kerk Stellastraat, Pretoria. Maatskaplike werker wat spesialiseer in verhoudingsterapie met 'n privaat praktyk vir die laaste 34 jaar. Sy het ook 'n graad in Teologie. Sy doen spirituele begeleiding.

Dr **Marina Strydom**, predikant van die NG Kerk Pretoria-Oos sedert 2000. Sy funksioneer sedert 2009 as spirituele begeleier en werk met passie om die kontemplatiewe kant van haar gemeente op te bou, veral deur die kursus en beweging *Viam Dei*.

Ds **Immanuel van Tonder** van die NG Kerk Lynnwood. Hy is predikant van die NG Kerk sedert 1994 en funksioneer sedert 2007 as spirituele begeleier. Hy is die voorsitter van die Ring se Sentrum vir Spiritualiteit. Immanuel is entoesiasies en ervare in die begeleiding van groei in persoonlike spiritualiteit en om met deernis volbewus te leef (mindfulness). Hy voltooi in 2018 'n twee jaar-kursus in "mindfulness" wat deel is van die mediese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

INHOUD

1. Die teorie van moderne spirituele begeleiding en die intense, aanhoudende inoefening daarvan. Ontwikkeling van jou luister-vaardighede. Ons help jou om 'n spirituele begeleier te kies wat jy gereeld sien.
2. Jou eie pad met die HERE. Uitbou van jou geloofsgewoontes (spirituele dissiplines). Jou innerlike transformasie. Bewus leef in die aanwesigheid van en nader aan die HERE. Besluitneming. Een van die blokke is 'n begeleide retreat bestaande uit vier dae stilte onder leiding van 'n begeleier wat jy elke dag sien.
3. Verdieping van jou self- en mensekennis, onder andere m.b.v. die Enneagram waarmee ons deurlopend werk. Lg. is 'n baie nuttige instrument om die praktyk van die heiliging beter te verstaan. Dit word tans wêreldwyd in die kerk baie gebruik en het die begeleiers wat reeds opgelei is, uitmuntend gehelp. Spesiale aandag aan emosies. Bewuswording van die fyn wisselwerking tussen jou inherente kreatiwiteit en spiritualiteit.

DATUMS

Die kursus word oor een jaar in 6 blokke aangebied, die eerste en sesde by Origins retreat-sentrum naby Krugersdorp, en die res by die NG Kerk Stellastraat in Brooklyn, Pretoria. (21 dae verlof is nodig.) By Stellastraat is dit elke dag van 09:00 tot 16:00. Indien nodig, Zoom ons 'n blok. Daar word ook 'n sewende blok vereis, 'n stil retreat van vier volle dae op 'n plek en tyd van eie keuse. Ek gee later vir klaslede die moontlikhede. Dit sal goed wees as jy dit ook in 2021 kan inpas, maar ons vereis net dat jy dit voor 30 April 2022 moet doen. (Dan hoef jy nie soveel verlof in een jaar in te sit nie.) Aansoekers onderneem om te sorg dat hulle elke dag ten volle kan bywoon. Die datums vir die 6 blokke in 2021 is die volgende:

1. 22-26/2 (Origins; ons begin Maandagoggend en vertrek Vrydag 12:15)
2. 20-22/4 (Stellastraat; 9:00 tot 16:00)
3. 1-3/6 (Stellastraat; 9:00 tot 16:00)
4. 27-29/7 (Stellastraat; 9:00 tot 16:00)
5. 7-9/9 (Stellastraat; 9:00 tot 16:00)
6. 25-28/10 (Origins; ons begin Maandagoggend en vertrek Donderdag 11:15)
7. Eie stil retreat op plek en tyd van eie keuse, net voor 30 April 2022.

KOSTES

Onderrig: **R9300** (betaalbaar as deposito van R600 plus drie paaiemente van R2900 **betaalbaar voor 2021 02 28, 2021 06 30 en 2021 10 22**. VERWYSING BY JOU BETALING SOOS VOLG: SB2021 jou van, jou voorletter.)

Die totaal vir akkommodasie by 'n retreatsentrum vir 11 dae: **R7000** (min of meer begroot).
Betalings direk aan jou begeleier: ongeveer R380 per maand vir 10 sessies = **R3850**.

Groottotaal vir hele kursus: **R20150**.

As hierdie kostes vir jou 'n probleem is terwyl jy gelei voel om hierdie kursus by te woon, kan jy met ons praat.

BELEWENISSE VAN KURSUSGANGERS DEUR DIE JARE

Neels du Randt, NG predikant van die gemeente Kempton-Hoogland:

Die reis saam met Willem en sy groep fasiliteerders vir spirituele begeleiding het my geanker in my diepste menswees en spiritualiteit, en ook uitgenooi om nuwe fasette van my menswees en spiritualiteit te ontdek, te omhels en te realiseer. Dit het vir my nuwe perspektiewe oopgemaak oor die opwegwees met God as Lewegewer en Vreugdegewer. Dit het vir my nuwe perspektiewe oopgemaak oor my verstaan en waardering van, saamreis met, asook begeleiding van, mede-gelowiges. Ek beveel graag hierdie inisiatief aan vir elkeen wat spiritueel verras wil word en nuwe horisonne wil oopbreek.

Jannie Pelsner, afgetrede NG predikant, tot 2019 van die gemeente Rant en Dal Prisma:

Ek was bevoorreg om die kursus in Spirituele Begeleiding onder leiding van Dr Willem Nicol en ander aanbieders by te woon. Die kursus het op my pad gekom op 'n stadium dat ek self begeleiding nodig gehad het. Ek vermoed ons kom altyd maar weer by daardie punt. Benewens die kosbare inhoud waarmee ek te doen gekry het wat selfstudie sowel as lesings en voordragte ingesluit het, ook die deurlopende inoefening van vaardighede, het die diepste transformasie in my eie menswees plaasgevind. Dit is uiteraard deel van die toerusting omdat dit 'n mens 'n empatiese hart gee vir ander mense wat eweneens op 'n trajek van heelwording verkeer. Die samebindende faktor, die groep waarvan ons deel was, is nou deel van 'n lewenslange verbintenis. Die saam leer en – leef word 'n helende gemeenskap wat na mekaar omsien en mekaar se belange op die hart dra. Vir die fasiliteerders het 'n mens net lof en dankbaarheid.

Ek is baie dankbaar dat ek hierdie geleentheid kon benut en kan die kursus in Spirituele Begeleiding ten sterkste aanbeveel.

Elise Klut, NG predikant, Melville:

Die Spirituele Begeleidingskursus was die beste geskenk wat ek myself ooit kon gee. Die luukse om tyd te spandeer om na jouself en jou reis met die Here te kyk, en om die geleentheid te hê dat ander in jou lewe inbou, is 'n ongelooflike voorreg. Dit voel asof my hele lewe opgebou het tot by hierdie punt waar ek my roeping om saam met ander die Spirituele begeleidingspad te stap, ontdek het.

Janette Pieters, predikantsvrou Winterton:

Dit is feitlik onmoontlik om in 'n paragraaf of twee op te som wat die spirituele begeleidingskursus vir my beteken het. Dit was ongetwyfeld 'n tyd waartydens die grootste verandering in my lewe plaasgevind het.

Die kursusmateriaal wat gefokus is op selfkennis het vir my die geleentheid gebied om op 'n rustige, nie bedreigende manier na myself te kyk, myself te leer ken en myself te leer liefkry. Ek het God as liefdevolle Vader meer intiem leer ken en bewus geword van 'n diep begeerte om net in sy teenwoordigheid te "wees". Stiltes en stilword het 'n heeltemal nuwe dimensie in my lewe gebring en 'n diepe dors na God kom les.

Die liefde, aanvaarding en kameraderie wat tussen die kursusgangers en kursusleiers ontwikkel het, is iets wat ek vir geen geld ter wêreld sou wou mis nie.

Corneil du Plessis, pas afgetrede NG predikant, Alberton:

Die kursus in Spirituele Begeleiding het vir my die venster op myself oopgemaak en ek kon met absolute bewondering ontdek hoe die Here Jesus van my geboorte af in my lewe besig was om my te vorm en voor te berei vir elke dag iets groter en kosbaarder.

Ek kon leer om op my eie stil te wees in God se teenwoordigheid in vryheid. Vry van my vrese, skuldgevoelens en verwyte, vry om lief te hê, vry om te dien, vry om by Hom te wees en sy heerlike liefde te ervaar.

Die kursus het my gehelp hoe om teenwoordig te wees in die oomblik.

Ek kon verder die voorreg smaak om toegelaat te word om 'n reisgenoot te word op die Here se reis met van sy kinders. Ek kon 'n begeleide én 'n begeleier word. Beide onmisbare ervarings vir die proses van geestelike begeleiding.

Ek is so dankbaar vir hierdie kursus, ek wens net ek kon dit eerder al gedoen het.

Gavin Mestre, predikant NG Kerk Garsfontein, Pretoria:

Die inhoud van hierdie kursus het soos 'n baie sagte, deurdringende lentreëën in my binneste kom val en ongedagte moontlikhede oopgemaak om die ware en vrye lewe van Christus te koester. Dit het my op 'n roete geplaas waarop ek nooit sal kan terugkeer nie.

Ek het opnuut besef, voordat ek ander kan lei, moet ek eers in my diepste wese – restourerend en genesend - tot rus kom by my Maker en Leier. Die kursus het ook besondere dimensies bygevoeg tot my manier van wees en doen. Ek is nou ryker as ooit tevore – skatryk! En hiermee wil ek wees en doen vir Hom, vir myself en ander om my.

Fanie Cronje, predikant NG Kerk Riviera, Pretoria:

Ek het om twee redes aansoek gedoen om die kursus in Spirituele Begeleiding te doen.

Eensyds het ek onvergenoegd gevoel t.o.v. my pastoraat aan lidmate. Ek het beleef dat ek mettertyd in my pastoraat in 'n kwasi-sielkundige ontwikkel het eerder as om waarlik met 'n geestelik-spirituele ingesteldheid na mense te luister. My hoop was daarop gerig dat 'n kursus in spiritualiteit my uit hierdie situasie sou kon stuur. Andersyds het ek oor 'n tyd lank besef dat al die praktyke en kennis wat my in die verlede gehelp het om betekenisvol as gelowige te leef, hulle trefkrag in my persoonlike lewe verloor het. Andermaal was my hoop op die kursus in spirituele begeleiding om my ook uit dié situasie te bevry. Vandag kan ek getuig dat die kursus in spirituele begeleiding in beide gevalle my stoutste verwagtinge oortref het. Ek beleef inderdaad dat my pastorale werk in die gemeente, maar

ook my eie (geestelike) lewe vandag op 'n totaal ander vlak as 18 maande terug lê. Skielik bevind ek my in hierdie fase van my lewe op 'n punt waar ek 'n besonder gevoel van vervulling beleef. Ek dink die kursus in spirituele begeleiding het hierin 'n beduidende rol gespeel.

Christo Louw, predikant NG Studentekerk Bloemfontein:

Die kursus het 'n geweldige groot verdieping gebring in die verstaan van myself, van ander en veral ook van God se pad met my. Ek is opgewonde om meer effektief 'n ruimte te kan skep waarin God ook in ander se lewe kan werk. Ek staan verstom oor die rykdom van menswees wat God wil hê dat ek moet ontdek! Wens ek kon die kursus 30 jaar vroeër doen.

Nerene Grobler, predikantsvrou Universiteitsoord:

Die kursus het die kuns van Spirituele Begeleiding op so 'n praktiese manier vir my oopgemaak, terwyl die persoonlike geestelike groei wat ek ervaar het, moeilik onder woorde gebring kan word. Die bekwame span aanbieders is elk 'n meester in sy/haar veld - ek is jammer die kursus hou nie vir jare aan nie!

Hermann Kuschke, geordende in Anglikaanse Kerk; bestuur 'n retreatsentrum in Mpumalanga:

Die tegniese en praktiese sy van Begeleiding is deur uiters bekwame en geesvervulde praktiserende Spirituele Begeleiers aangebied - almal op die voorpunt van hierdie dissipline en dit het my 'n stewige grondslag gegee.

Die grootste bonus van hierdie kursus was die ontdekking en ontwikkeling van 'n meer kontemplatiewe spiritualiteit in my persoonlike lewe.

Ek het sielsvriende gemaak met die lede van die groep en was dankbaar dat mense na die diep geheime van my hart geluister het sonder om te oordeel.

Deurdat ek my eie Spirituele Begeleier vir die kursus moes kry, het ek 'n wonderlike spirituele reisgenoot ontdek, wat 'n groot rol in die ontwikkeling van my eie bediening speel.

Helena Smith, sielkundige, Pretoria:

Die kursus lê nie alleen die teoretiese kant van spirituele begeleiding bloot nie, maar ook die praktiese toepassing daarvan. Dit bied wonderlike leer-geleenthede; nie net betreffende die benadering nie, maar ook hoe jy as instrument tydens die begeleidingsproses die Here se werk help volvoer. Die kursus beteken vir my as mens ongetwyfeld baie, ek begin om op ander en nuwe maniere na myself, mense om my en my omgewing te kyk. Ek het aspekte in myself ontdek waarvan ek onbewus was en herken 'n nuutgevonde innerlike vrede en vertroue in myself wat my meer oop en vry laat leef.

Jannie Richter, emeritus, tot onlangs predikant, NG Kerk Barclay-Oos:

Vir my was hierdie kursus veel meer as net nog 'n kursus. Dit was n gawe van God self om my deur moeilike tye te begelei. Op minstens vier maniere is my lewe op 'n nuwe koers gestuur:

1. Geestelike dissiplines het vir my 'n manier geword om vas te hou wanneer ander vashouplekke wegval.
2. Ek het met nuwe oë na God begin kyk. Daar is nou vir my baie meer vreugde in bevryding in my verhouding met Hom as voorheen.
3. Die insig wat ek in my eie geestelike stryd gekry het en dié van ander, maak dit al makliker om vrede en vervulling te ken.
4. Die samesyn met die ander reisgenote laat my my medemens ander sien. Dit is toenemend 'n vreugde om ander op hulle eie lewensreis te ontmoet.

Mag nog baie ander só verryk word!

Marita Roos, chemikus, gim-instrukteur en huisvrou:

Hierdie kursus neem jou op 'n ongelooflike, lewensveranderende reis terwyl jy toegerus word as spirituele begeleier. Asof dit nie genoeg was nie, was daar 'n heerlike, onverwagte bonus: kosbare nuwe sielsvriende! Moenie hierdie kursus misloop as jy die sagte Stem nou in jou hart hoor praat nie...

INSKRYWING

Aansoeke sluit 30 September 2020 en keuring word indien moontlik op die skriftelike voorleggings gedoen met behulp van referente en onderhoude waar nodig.

Die eerste 25 aansoeke word aanvaar en daaruit word 13 gekeur. Kennisgewing van die uitslag: voor die einde van Oktober.

Prosedure:

- Stuur 'n epos na wnicol@mweb.co.za om seker te maak dat daar nog nie 25 aansoeke is nie.
- Betaal dan R600 deposito (terugbetaalbaar) in die volgende rekening:
NG RING, ABSA, 9328323743
- Merk die betaling soos volg: SB20, van, noemnaam.
- Stuur 'n *bewys van betaling* aan na wnicol@mweb.co.za
- Epos voor 30 September 2020 na dieselfde eposadres 'n *dokument* waarop jy punt 1-6 invul en kortliks skryf oor punt 6-13. Stuur ook 'n *foto* van jou saam asb.
- Maak asb vooraf seker dat, indien jy gekeur word, jy jou keuring sonder uitstel kan aanvaar. Daar sal dan 'n waglys wees wat ons nie in onsekerheid wil hou nie.

1. Noemnaam en van:
2. Ouderdom
3. Eposadres:
4. Telefoonnommers:
5. Twee referente met hulle kontakbesonderhede:
6. Dui vir ons in alle erns aan of jy die volgende onderneming gee:
Hiermee onderneem ek om, indien ek gekeur word,
 - a. *alle sessies van die kursus by te woon*
 - b. *gereed na my begeleier te gaan, aanvanklik drie keer tweewekliks en daarna maandeliks.*
7. My CV in kort:
8. Die redes waarom ek dink ek sal 'n goeie spirituele begeleier kan word:
9. Is jy in 'n situasie waarin mense jou hopelik sal vra om hulle te begelei?
10. Is jy tans in spirituele begeleiding? By wie?
11. Dink jy dat jy gereed is om jou oop te stel vir 'n spiritualiteit wat jou op pad neem en wyer laat kyk?
12. Indien jy getroud is, sal jou gade jou ondersteun t.o.v hierdie pad waarop jy gaan reis?
13. My swak punte: